

US ondersteun 8% styging in inkomste vir 2017

1. Inleiding

Die Universiteit Stellenbosch (US) ondersteun die sektorale benadering soos uiteengesit in die [verklaring](#) (12 Augustus 2016) van Universiteite Suid-Afrika (USAf) dat universiteite 'n minimum styging van 8% in jaarlikse inkomste benodig vir 2017. Dié inkomste kan van 'n verskeidenheid bronne verkry word, onder meer staatsubsidies, studentegelde en 'n komplekse verskeidenheid van ander privaat-bronne. 'n Styging in inkomste vir 2017 van minder as 8%, sal die finansiële posisie van ten minste 17 van die 26 hoër-onderwysinstellings in die gedrang bring.

Vanweë vele faktore, onder meer die stadige ekonomiese groei in die land, groeiende druk op staatshulpbronne asook dekades van befondsingstekorte, is die US van mening dat gratis hoëronderwys nie tans prakties haalbaar is nie. Studies het bevind dat gratis hoëronderwys in ontwikkelende lande waarskynlik eerder die hoërmiddelklas en welgestelde sektore van die bevolking as behoeftiges bevoordeel.

Die US volg en ondersteun 'n gedifferensieerde benadering: stygings in studentegelde wat getemper word deur finansiële ondersteuning vir arm, akademies-verdienstelike studente, gebaseer op die jaarlikse gesamentlike huishoudelike inkomste. US-beurse word ook aangepas volgens die toename in studiegeld en akkommodasie-kostes.

Hierdie webblad verskaf nuttige inligting oor die finansiële situasie van die hoëronderyssektor; die begrotingsproses by die Universiteit Stellenbosch en hoe ons studente finansieel ondersteun; vergelykings van studentegelde by verskillende universiteite; die faktore wat 'n impak het op die styging in inkomste; die toewysing van beurse; die impak van die 0% styging in inkomste op die US en die volgende stappe met betrekking tot die 2017 begroting.

US-KOMMUNIKASIE

[Styging in inkomste noodsaaklik vir volhoubare kernbesigheid](#)

[Volhoubare uitnemendheid & beurse noodsaak styging in inkomste](#)


LEES MEER:

1. [Mediaverklaring van Universiteite Suid-Afrika \(USAf\) van 12 Augustus 2016](#)
2. [The flawed ideology of 'free higher education' deur Nico Cloete: The University World News \(6 November 2015\)](#)
3. [The ideology of free higher education in South Africa – the Poor and the Middle Class Subsidising the Rich deur Nico Cloete. Paper published by the Centre for Higher Education Trust \(CHET\) in October 2015.](#)


2. Maak sin van befondsing in die hoëronderwyssektor in SA

- Universiteite is die afgelope twee dekades blootgestel aan kroniese onderbefondsing (jaarlikse stygings onder die verbruikersprysindeks - VPI), wat grootliks die oorsaak is van die huidige finansiële krisis in die hoëronderwyssektor.
- Suid Afrika se belegging in onderwys as 'n % van die Bruto Binnelandse Produk (BBP) is veel laer as in ander Afrika- en BRICS-lande.

BESTEDING AAN HOËR ONDERWYS AS % VAN BRUTO BINNELANDSE PRODUK (BBP), 2012



- Terwyl Suid-Afrika ongeveer 0,71% van sy BBP aan hoër onderwys bestee, is dié syfer vir die VSA en Brittanje 0,9%, en vir Duitsland 1,1%.
- Die staatsubsidie het stelselmatig begin afgeneem, met 'n jaarlikse styging laer as die VPI, terwyl uitgawes teen ten minste die Hoëronderwysprysindeks (HOPI) styg. Met die draai van die eeu was die staat se bydrae tot universiteitsopleiding in SA ongeveer 49%, maar teen 2012 het dit tot 40% gedaal. In dieselfde tydperk het studentegelde van 24% tot 31% gestyg.




Verbruikersprysindeks (VPI)

In eenvoudige termie is die Verbruikersprysindeks (VPI) 'n maatstaf wat gebruik word om prysveranderings in 'n vaste mandjie van verbruikersgoedere en -dienste te bepaal. Die verbruikersmandjie sluit die koste van vervoer, kos en mediese sorg in, en die VPI is 'n indikasie van lewenskoste. Die VPI van 6,42% is 'n vooruitskatting vir 2017.

Hoëronderwysprysindeks (HOPI)

Eweneens is die Hoëronderwysprysindeks (HOPI) 'n maatstaf wat gebruik word om prysveranderings in 'n vaste mandjie van goedere en dienste verkry deur die hoëronderwyssektor te bepaal. Dit sluit die volgende in: professionele salarisse (universiteite stel die kundigheid van akademiese personeel soos professionele geëvalueerde wetenskaplikes hoog op die prys), lone en byvoordele, gekontrakteerde dienste, biblioteekaanskaffings, nutsgoedere, vervoer, voorraad en materiaal, en tegnologie. Die HOPI help universiteite om die begroting en befondsingstoenames te bepaal wat benodig word om volhoubare finansiële bestuur van die instelling te verseker. Die HOPI is 'n meer akkurate aanwyser van die inflasiekoers as die VPI, as gevolg van die hoër kostes van die HOPI-vaste mandjie van goedere en dienste.



NOMINALE JAARLIKSE STYGINGS IN BLOKTOEKENNING VIR DIE HOËRONDERWYS-SEKTOR



Die nominale jaarlikse toenames in die bloktoekenning van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding vir die sektor is deurgaans laer as die verbruikersprysindeks.


2012	2013	2014	2015	2016	2017*
5,63%	5,75%	6,07%	4,58%	6,80%	6,42%

Jaarlikse Verbruikersprysindeks (VPI) vir die tydperk 2012 – 2017 (vooruitskouing)*


- ☞ Die tekort aan voldoende fondse is vererger deur die 0% styging in studentegelde, vir 2016, en dit sal 'n rimpeleffek hê tot na 2019.
- ☞ Universiteite benodig nou 'n minimum styging van 8% in jaarlikse inkomste vir 2017 om huidige vlakke van akademiese uitnemendheid en finansiële volhoubaarheid te kan volhou. Dié inkomste kan van 'n verskeidenheid bronne verkry word.
- ☞ Maar hierdie styging sal instellings net in staat stel om huidige standarde en aktiwiteite te handhaaf. Dit maak nie voorsiening vir nuwe strategiese inisiatiewe, verbeeteringe, groei of innovasie nie. Dit sal ook nie vir die lang termyn finansiële volhoubaarheid kan verseker nie - 'n posisie waarin universiteite hul nie graag bevind nie, met negatiewe implikasies vir die gehalte van die akademiese aanbod in die sektor.
- ☞ Suid-Afrikaanse universiteite verskil drasties in vorm, grootte en samesetting, en dus ook die studentegelde by verskillende instellings. Sommiges fokus op navorsings uitsette, kontrak-navorsing en nagraadse studie, met laboratoriums, biblioteke en tegnologie wat duur is om in stand te hou. Dieselfde geld vir instellings wat programme aanbied in geneeskunde en gesondheidswetenskappe, natuurwetenskappe, agriwetenskappe en ingenieurswese. 'n Eenvormige styging in studentegelde vir alle universiteite is dus nie 'n ideale oplossing vir die volhoubaarheid van die sektor nie.

2015

RANGLYS VOLGENS TOTALE KOSTE



Die tabelle (bo en onder) toon die vergelykbare koste van studentegeld by 10 van Suid-Afrika se 26 universiteite. Die bedrae sluit onderrig, registrasie, huisvesting, maaltye en boeke in.



Studiegeld



Registrasie



Huisvesting



Etes



Boeke

US-STUDIEGELDE IN VERGELYKING MET ANDER UNIVERSITEITE

UNIVERSITEIT 	BA	BCom	BSc	LLB	BEng
Universiteit van Kaapstad	R43,500 – R59,000	R50,000 – R62,500	R51,000 – R64,500	R46,500 – R52,000	R51,500 – R53,000
Universiteit van die Witwatersrand	R33,640 – R43,320	R42,010 – R43,320	R41,080 – R58,580	R32,470	R40,170 – R48,150
Universiteit Stellenbosch	R32,534	R33,164 – R46,338	R37,880 – R40,749	R39,606	R45,070
Universiteit van KwaZulu-Natal	R38,160 – R46,700	R39,170	R30,940 – R39,600	R36,500	R39,150 – R40,000
Universiteit van Pretoria	R25,710 – R36,270	R34,720 – R39,610	R36,880 – R54,620	R31,800	R35,530 – R43,670
Rhodes-universiteit	R37,200	R40,700	R38,700 – R40,700	R41,730	n.v.t.
Universiteit van Johannesburg	R29,170 – R35,970	R29,140 – R37,000	R30,600 – R50,940	R29,460 – R33,840	R34,500 – R42,600
Noordwes-Universiteit	R28,140 – R49,200	R38,600 – R41,050	R38,400 – R44,650	R36,500	R43,900

Bostaande tabel is 'n vergelyking van verskillende akademiese programme se onderrigkostes. Kostes wissel vanweë keuse-modules of selfs verskillende studievelde binne een program, wat dan onderrigkostes beïnvloed.

- ☞ 'n Styging in inkomste van minder as 8% vir 2017, sal die finansiële posisie van ten minste twee derdes (17) van die universiteite in die hoëronderwyssektor (26) in die gedrang bring.
- ☞ Dié omstandighede duur voort terwyl die Departement van Hoërondervrywys en Opleiding op universiteite druk uitoefen om hul inname van studente te verhoog asook die deurvloeikoers van studente te verbeter (waarvoor die US meestal onbefonds is).
- ☞ Die potensiële impak van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se nuwe subsidie-formule vir universiteite, en die tydlyn vir die implementering daarvan het onsekerheid geskep binne die hoërondervrywyssektor.
- ☞ Probleme met die administrasie van fondse deur die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (National Student Financial Aid Scheme of NSFAS), tesame met die nuwe aansoekplatform het verder bygedra tot die onsekerheid.

3. Die Universiteit Stellenbosch se waarde-proposisie



As 'n nasionale bate maak die US 'n waardevolle bydrae tot ons land. Voldoende befondsing is egter noodsaaklik om ons akademiese uitnemendheid, beurse en ondersteuningsdienste vir studente volhoubaar te kan bestuur.

- Ons lewer gesogte gegradeerde, gereeld 'n rekord-aantal doktorsgrade en van die hoogste navorsingsuitsette en bied innoverende ondersteuningsdienste vir studente.
- Terwyl die gemiddelde nasionale deurvloeikoers vir eerstejaarstudente by 50% draai, slaag 85% van ons studente daarin om voort te gaan met hul tweede studiejaar.

4. Hoe die US ons studente ondersteun

Die #FeesMustFall-beweging verlede jaar het die werklikheid van Suid-Afrika se ongelyke samelewingsuitgelig en die aandag gevlestig op die behoeftes aan hoër onderwys van uitnemende gehalte om 'n opgeleide werksmag te lewer en sodoende tot die land se vooruitgang by te dra.

In die huidige ekonomiese klimaat en die groeiende druk op die regering om werkgeleenthede te skep en ontwikkeling te bevorder, is gratis hoëronderwys nie tans haalbaar nie. Totdat alternatiewe en volhoubare oplossings gevind word, het universiteite nie 'n ander opsie as om studie- en akkommodasiegeld aan te pas nie.

Die Universiteit Stellenbosch, en die hoëronderyssektor oor die algemeen, erken die ongelyke aard van die Suid-Afrikaanse samelewings, met 'n hoërmiddelklas en welgestelde groepe wat universiteitsonderrig kan bekostig. Terselfdertyd is daar 'n groot komponent van finansieel behoeftevolle studente wat nie self hulle eie studiekostes kan betaal nie. Ons besef dat studiegeld 'n groot bekommernis is vir baie studente en hul families. Die US glo egter nie dat gratis hoëronderys tans prakties moontlik is nie.


Die US ondersteun en volg 'n gedifferensieerde benadering, met die fokus op finansiële ondersteuning vir akademies-verdienstelike, arm studente:

- Studente uit huishoudings met 'n gesamentlike inkomste van R600 000 of meer per jaar, is in 'n beter posisie om studiegeld te kan betaal.
- Vir huishoudings in die inkomstegroep tussen R240 000 en R600 000 bied die US wisselende ondersteuning.
- Vir alle studente uit huishoudings met 'n gesamentlike inkomste van minder as R240 000 per jaar, 'n groep wat deel uitmaak van die sogenaamde "*missing middle*" of verlore middelgroep wat nie vir NSFAS-befondsing in aanmerking kom nie, bied die US beurse aan. Studente moet hiervoor aansoek doen.
- Die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS) ondersteun studente uit huishoudings met 'n gesamentlike inkomste van minder as R122 000 per jaar.

☞ Statistiek oor beurse (2015 data):

- ☞ 38% van die US se voorgraadse studente ontvang beurse;
- ☞ 70% van die US se voorgraadse swart, bruin en Indiërsstudente ontvang beurs.
- ☞ Beursgeld wat in 2015 deur die US uitbetaal is: R658,7 miljoen
 - ☞ R402,8 miljoen het uit eie fondse en navorsingskontrakte gekom (R115 miljoen is van die hoofbegroting toegewys)
 - ☞ R255,9 miljoen as agent (NSFAS ingesluit)
 - ☞ Van spesifieke belang is die sogenaamde "*missing middle*" of verlore middelgroep studente, wat nie vir NSFAS-befondsing kwalifiseer nie, maar wat ook nie studiegeld kan bekostig nie. Die jaarlikse huishoudelike inkomste vir dié groep wissel tussen R122 000 en R600 000. US bewillig beurse vir alle studente met 'n huishoudelike inkomste van tussen R122 000 en R240 000 per jaar. Studente in die groep tussen R240 000 en R600 000 word wisselend


ondersteun. Sulke inisiatiewe sal egter in die gevaar gestel word indien die US se jaarlikse inkomste nie toeneem nie.



Die tabel hierbo illustreer die geraamde "missing middle" (gebaseer op aansoek ontvang).

Die tabel hieronder toon die toename in beurse wat die afgelope paar jaar toegeken is:

GROEI & SAMESTELLING VAN BEURSE, 2011 - 2015



5. Studentegelde by die Universiteit Stellenbosch

Studentegelde by die US bestaan hoofsaaklik uit die volgende komponente:

- ❖ Onderrigfooie
- ❖ Programkostes
- ❖ Modulekostes
- ❖ Huisvestingskoste
- ❖ Handboeke

Voorbeeld van addisionele kostes volgens die student se keuse:

- ❖ Internet- en drukwerk
- ❖ PSO-lidmaatskap
- ❖ Maaltye en wasgoedkwotas
- ❖ Vereniging- en sportlidmaatskap
- ❖ Gimnasium-lidmaatskap

Verskillende befondingscenarios word hieronder as voorbeeldelde verskaf. Elke scenario is gekoppel aan die jaarlikse, gesamentlike huishoudelike inkomste van die student se familie.

Huishoudelike inkomste	>R600k	R240 – R600k	R122 – R240k	< R122k
Graad	BCom	BCom	BCom	BCom
Onderrig	R41 000	R41 000	R41 000	R41 000
Huisvesting	R29 000	R29 000	R29 000	R29 000
Addisionele koste	R2 000	R2 000	R2 000	R2 000
Totaal	R72 000	R72 000	R72 000	R72 000
Deur familie vereffen	R72 000	R30 000	R10 000	0
Vereffen met US-beurs	0	R10 000	R62 000	0
Vereffen met NSFAS-beurs	0	0	0	R72 000
Tekort	0	R32 000	0	0

6. Begrotingscenarios vir 2017

In die tabel (Hoofbegroting 2017) word drie moontlike scenarios uiteengesit op grond van die % styging in universiteitsinkomste. Die syfers is aangepas volgens makro-aannames. Dit is voorlopige bedrae en sommige aannames sal nog aangepas word.

Hoofbegroting 2017

Verskillende scenarios vir 'n moontlike toename in studentegelde word voorgestel:

- Indien daar vir 2017 weer 'n aanpassing van 0% is, sal die US se begrotingstekort R49,8m beloop. Daar moet in ag geneem word dat die impak van die 0% styging vir 2016 nie net beperk is tot dié jaar nie. Dit sal 'n rimpeleffek hê tot na 2019, en selfs nog later indien die US vir 2017 weer geen styging in inkomste ontvang nie.

- Met 'n aanpassing gelyk aan die VPI (6,42%) sal die begrotingstekort vir 2017 ongeveer R9,5m beloop.
- Met 'n aanpassing gelyk aan die Hoëronderwysprysindeks (HOPI), dus 6,42% (VPI) plus 1,7%, sal die US in 2017 'n begrotingsurplus van R1,1m hê.

☞ NEEM KENNIS:

1. Nie een van hierdie scenarios het 'n begrottingsurplus in 2018 of daarna nie.
2. Hierdie scenarios maak net voorsiening vir die status quo: slegs bestaande aktiwiteite kan befonds word, met geen befondsing vir nuwe aktiwiteite of meer geld vir beurse nie.

HOOFBEGROTING 2017:

3 SCENARIO'S VIR AANPASSING IN STUDENTGELEDE			
BESKRYWING	1 0% aanpassing in studentegelde R'000	2 Aanpassing van *VPI% in studentegelde R'000	3 Aanpassing van *VPI% + **Hoëronderwyssektor – inflasie in studentegelde R'000
Totale verwagte inkomste	2 302 435	2 353 850	2 367 454
Totale verwagte uitgawes	2 352 273	2 363 384	2 366 324
Verwagte surplus (tekort)	(49 838)	(9 534)	1 130

*VPI = VERBRUIKERSPRYSINDEKS **Die inflasiekoers in die hoëronderwyssektor is ongeveer 1,7% hoër as die VPI vanweë duur fasiliteite en ingevoerde toerusting asook internasionale publikasies.

Huisvesting 2017

☞ Die tabel illustreer drie moontlike scenarios vir huisvestingsgelde:

1. 0%-aanpassing: begrote tekort van R35,4 miljoen in 2017. Daar moet in ag geneem word dat die impak van die 0%-styging vir 2016 nie tot hierdie jaar beperk is nie. Dit sal 'n rimpeleffek tot 2019 en selfs veel later hê as die US nog 'n jaar sonder 'n styging in inkomste beleef.
2. Aanpassing gelyk aan VPI (6,42%): begrote tekort van R18,2 miljoen in 2017.

3. Aanpassing gelyk aan die Hoëronderwysprysindeks (HOPI) = VPI + 1,7%: begrote tekort van R13,6 miljoen in 2017.

HUISVESTINGSBEGROTING 2017

3 SCENARIOS VIR AANPASSINGS IN HUISVESTINGSGELDE			
BESKRYWING	I 0% aanpassing R'000	2 Aanpassing van *VPI R'000	3 Aanpassing van *VPI% + **HOPI R'000
Totale verwagte inkomste	307 178	324 596	329 209
Totale verwagte uitgawes	342 542	342 755	342 812
Verwagte surplus (tekort)	(35 365)	(18 159)	(13 603)

7. Impak van die 2016 #FeesMustFall-veldtog en 0%-styging



- ☛ By die US beloop die **begrotingstekort** vir die hoofbegroting (R85,3 miljoen) en akkommodasie-begroting (R28,2 miljoen) vir 2016 **R133,5 miljoen**.
- ☛ Die US het 'n bydrae van R79,2 miljoen van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ontvang om 'n gedeelte van dié tekort vir 2016 te befonds.
- ☛ Die balans van die tekort in die hoofbegroting word befonds deur begrotingsnitte in sekere institusionele kostes (R10,4 miljoen) en 'n bydrae uit die Raad se diskresionêre fondse (R15,2 miljoen). Die balans van die tekort in die akkommodasie-begroting (R8,3 miljoen) is uit die akkommodasie-reserwes aangevul.
- ☛ Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding het R2,33 miljard voorsien vir die totale tekort vir die sektor vir 2016, met inflasie-aanpassings vir 2017 en 2018. Dit

beloop R2,6 miljard vir 2017 en vir 2018 'n bedrag van R2,8 miljard (hoof- en akkommidasiebegroting).

8. Huidige inisiatiewe en volgende stappe

Hoëronderwyssektor

'n Kommissie van Ondersoek na hoër onderwys en opleiding is aangestel om die befondsingsopsies vir hoëronderwys in Suid-Afrika te ondersoek. Die 26 universiteite het reeds via Universiteite Suid-Afrika (USAf), en sommiges ook individueel, insette gelewer. Verskeie staatsdepartemente en organisasies neem ook deel aan die voorleggingsproses. Daar word verwag dat die Kommissie sy verslag teen Junie 2017 sal afhandel.

- ☞ Na 'n gesamentlike vergadering tussen die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding, USAf en die Forum vir Voorsitters van Universiteitsrade, is 'n verklaring uitgereik waarin onder meer die onmiddellike stigting van 'n forum van veelvuldige belangegroepe voorgestel is. Dit sal die Nasionale Tesourie, die Departement Hoër Onderwys en Opleiding, en die privaatsektor soos verteenwoordig deur hul assosiasies insluit, asook universiteitsrade, USAf en relevante studente-organisasies. Die doelwit is om konsensus te bereik oor hoe die styging in inkomste van 8% wat openbare instellings benodig, ten volle befonds gaan word. Regeringsaanbevelings oor stygings in studentegelde wat teen die einde van Augustus 2016 verwag is, is tot middel September uitgestel.

Universiteit Stellenbosch

By die US het die jaarlikse begrotingsproses aan die einde van die eerste semester van 2016 begin, en dit behels 'n gedetailleerde begrotingsproses van 70 stappe, wat onder meer skakeling met studenteleiers insluit:

- ☞ 27 Julie 2016: 'n gesamentlike vergadering van die Studentegelde-, Beurse- en Lenings- en Akkommidasie-komitee om inligting te deel oor die begroting en die impak van die 0% styging op 2016 en daarna, asook befondsingsbehoeftes en scenarios vir 2017.
- ☞ 8 August – 26 August 2016: individuale komiteevergaderings; 'n gesamentlike vergadering van die Rektor se Bestuurspan (RBS) en die Studenteraad (SR); voorleggings aan verskeie studenteleierskapstrukture, onder meer die Primkomitee, die Studenteparlement (Stellenbosch en Tygerberg) en by fakulteitvergaderings.
- ☞ Die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding het nog geen duidelikheid verskaf nie, maar die US gaan voort met sy skakeling met sleutelpersoneel en studenteleiers. 'n Aankondiging van aanbevelings deur die regering word middel September 2016 verwag.

- ☛ 6 September 2016: Prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, en mnr Manie Lombard, Hoofdirekteur: Finansies, het 'n voorlegging gemaak by die Kommissie van Ondersoek na Hoër Onderwys en Opleiding. (#FeesCommission).
- ☛ 22 September 2016: Voorgestelde vergadering van die RBS en die SR (Uitvoerende vergadering).
- ☛ 8 November 2016: Voorlegging van die 2017-begroting aan die Uitvoerende Komitee van die Raad.
- ☛ 28 November 2016: Voorlegging van die 2017-begroting aan die Universiteitsraad vir insette en goedkeuring.

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

By die US het die jaarlike begrotingsproses in werking getree naby die einde van die eerste semester van 2016, en dit behels 'n gedetailleerde 70-stap-begrotingsproses, insluitende gesprekvoering met en betrokkenheid van studenteleiers in die proses:

